SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: LANDBOUWEEKBLAD
Date: 24-Jan-2003
Topic: 19
Ref No: 272
1
ID: 02908524-01
Source Page: 57

Hoofartikel

# Groot taak wag op voedselpryskomitee

Die aanstelling van die voedselprysmoniteringskomitee onder leiding van prof. Johann Kirsten, 'n deurwinterde landbou-ekonoom, moet verwelkom word. Dit beklemtoon die Regering se besef van die landbou se onontbeerlike rol in voedselvoorsiening en bied die geleentheid om knellende kwessies wat dié sektor strem, opnuut te ondersoek.

Markkragte bepaal die produkprys – die beste meganisme wat vir dié doel bestaan. Wat buite die plaashek gebeur, word dikwels nie deur dieselfde kragte bepaal nie en dit is waar ondersoek ingestel moet word, volgens die komitee se opdrag.

Dit is egter bekend dat prof. Kirsten meen dat daar dalk minder klem op die oorsake van die hoë pryse gelê en eerder aandag gegee moet word aan oplossings en beleidsrigtings wat die Regering moet vestig om die invloed van kospryse op inflasie en die reële inkomste van die armes te verlig.

Indien die komitee dieselfde denkrigting volg, moet hy die invloed wat onderdagte wetgewing op werkverliese in die landbou het en wat tot werkloosheid en armoede lei, in ag neem.

Die toepassing van arbeidswette wat 'n minimum kontantloon vir werkers afdwing, gaan tot afdankings van minstens 10 % in die landbou lei. Die meeste van dié mense gaan werkloos raak en verarm.

Hy sal ook wyer moet kyk na moontlikhede om die ekonomie aan die gang te skop. 'n Vereiste hiervoor is dat infrastruktuur, soos paaie, spoorweë en ander dienste, heropgebou moet word. Dit kan tot werkskepping lei wat, as dit met produktiwiteit gepaardgaan, armoede op die platteland kan hokslaan.

Deur bloot as pryswaghond te dien, gaan die komitee waarskynlik min vermag om die werklike probleem beduidend te beïnvloed, maar as hy daarin kan slaag om 'n werklike (landbou)ekonomiese verandering teweeg te bring, kan hy vir hom 'n ereplek in die land se geskiedenis verseker.